SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

Beursinligting

Naam en van: Antonie Phillippus (Tonie) Viljoen

Universiteit: Universiteit van die Vrystaat

Meesters: | **Doktoraal:** X | **Postdok:**

Studierigting: Ekklesiologie : Kerkgeskiedenis en Kerkreg

Titel van proefskrif of Verhandeling: Die rol van die NG Kerk in Sonop Christelike Tehuis 1916 - 2016

Datum van afhandeling: November 2017 **Uitslag:** Slaag

Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomste van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.

Sonop Christelike Tehuis in Brooklyn, Pretoria, het tydens die naweek van 23 – 25 September 2016 sy honderdste bestaansjaar luisterlik gevier.

Alhoewel daar deur die jare en ook tydens die Eeufeesjaar wonderlike feesbundels uitgegee is, fokus dié bundels hoofsaaklik op die studente se koshuislewe terwyl die belangrike rol van die Nederduitse Gereformeerde Kerk slegs hier en daar terloops na verwys word.

Daar was nie ‘n beter tyd as juis in die Eeufeesjaar om die volle verhaal van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en Sonop op te diep en vir die nageslag op skrif te stel nie.

Alhoewel ‘n analitiese kerkhistoriese benadering gevolg is, is die navorising sterk ondersteun deur die besondere band tussen Sonop en myself as navorser wat as student vir ses jaar ‘n inwoner van die Tehuis was, en sedert 2010 ook as voltydse Koshuishoof diens doen.

Met die studie is gefokus op die geskiedenis van Sonop Christelike Tehuis aan die Universiteit van Pretoria as eiendom van en onder die toesig van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Vanuit ‘n kerk-historiese hoek is die volgende in diepte nagevors:

1. Die rede waarom die Nederduitse Gereformeerde Kerk en by name die Nederduiste Gereformeerde Gemeente Pretoria (Bosmanstraat) dit in 1916 nodig geag het om ‘n koshuis soos Sonop Christelike Tehuis op te rig.
2. Die invloed van die verskillende gemeentes, sinodes en studenteleraars onder wie Sonop sorteer het op die vorming van die koshuis se unieke karakter assok die lewens van die studente wat tydens hulle studiejare daar gewoon het.
3. Die invloed deur Oud-Sonoppers van die Tehuis onder kerklike beheer op die Nederduiste Gereformeerde Kerk in sowel gemeentelike- as breëre kerklike verband, asook die breëre Suid-Afrikaanse samelewing.

Die navorsingstudie word afgesluit met ‘n positiewe blik op die toekoms van Sonop aan die transformerende Universiteit van Pretoria.